kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 577

Die Heer, my herder, sorg vir my.
Hy laat my rustig wei;
langs waters waar daar vrede is,
sal Hy my veilig lei.

Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
tot ere van sy Naam.

Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

U maak my vir 'n fees gereed,
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas
U maak my lewe ryk.

Net goedheid, liefde, lewenslank,
Gee U, o Heer, vir my;
By U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

Woorddiens

Tema: Wat verhelder ons?

Skriflesing: Lukas 9:28-36 (1953)

28 EN omtrent agt dae ná hierdie woorde het Hy Petrus en
Johannes en Jakobus saamgeneem en op die berg geklim om
te bid.
29 En terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy aangesig
anders geword en sy klere skitterend wit.
30 En daar was twee manne in gesprek met Hom; dit was
Moses en Elía.
31 Hulle het in heerlikheid verskyn en van sy uitgang
gespreek wat Hy in Jerusalem sou volbring.
32 En Petrus en die wat saam met hom was, was deur die
slaap oorweldig. Maar toe hulle wakker word, sien hulle sy
heerlikheid en die twee manne wat by Hom staan.
33 En toe hulle van Hom weggaan, sê Petrus vir Jesus:
Meester, dit is goed dat ons hier is; laat ons dan drie hutte
maak, een vir U en vir Moses een en een vir Elía — hy het
nie geweet wat hy sê nie.
34 Maar toe hy dit sê, kom daar 'n wolk en oordek hulle, en
hulle het bang geword toe daardie manne in die wolk ingaan.
35 En daar kom 'n stem uit die wolk wat sê: Dit is my
geliefde Seun; luister na Hom!
36 En nadat die stem gekom het, was Jesus daar alleen. En
hulle het geswyg en aan niemand in daardie dae iets vertel
van wat hulle gesien het nie.

Broodjies vir die pad

"I began to understand that suffering and disappointments and melancholy are there not to vex us or cheapen us or deprive us of our dignity but to mature and transfigure us."
— Hermann Hesse, Peter Camenzind

"The greatest issue facing the world today, with all its heartbreaking needs, is whether those who, by profession or culture, are identified as 'Christians' will become disciples – students, apprentices, practitioners – of Jesus Christ, steadily learning from him how to live the life of the Kingdom of the Heavens into every corner of human existence."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

"How can man know himself? It is a dark, mysterious business: if a hare has seven skins, a man may skin himself seventy times seven times without being able to say, "Now that is truly you; that is no longer your outside." It is also an

agonizing, hazardous undertaking thus to dig into oneself, to climb down toughly and directly into the tunnels of one's being. How easy it is thereby to give oneself such injuries as no doctor can heal. Moreover, why should it even be necessary given that everything bears witness to our being — our friendships and animosities, our glances and handshakes, our memories and all that we forget, our books as well as our pens. For the most important inquiry, however, there is a method. Let the young soul survey its own life with a view of the following question: "What have you truly loved thus far? What has ever uplifted your soul, what has dominated and delighted it at the same time?" Assemble these revered objects in a row before you and perhaps they will reveal a law by their nature and their order: the fundamental law of your very self. Compare these objects, see how they complement, enlarge, outdo, transfigure one another; how they form a ladder on whose steps you have been climbing up to yourself so far; for your true self does not lie buried deep within you, but rather rises immeasurably high above you, or at least above what you commonly take to be your I."
— NIETZSCHE FRIEDRICH WILHELM

"The idea of having faith in Jesus has come to be totally isolated from being his apprentice and learning how to do what he said."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life in Go

"Initially, Jesus preached neither himself nor the church, but the kingdom of God. The kingdom of God is the realization of a fundamental utopia of the human heart, the total transfiguration of this world, free from all that alienates human beings, free from pain, sin, divisions, and death. He came and announced: "The time has come, the kingdom of God is close at hand!" He not only promised this new reality but already began to realize it, showing that it is possible in the world. He therefore did not come to alienate human beings and carry them off to another world. He came to confirm the good news: This sinister world has a final destiny that is good, human, and divine."
— Leonardo Boff, Jesus Christ Liberator: A Critical Christology for Our Time

Brood vir die pad

Hoe gemaak met ons diepe behoefte na erkenning?

RRV

Die Amerikaanse politieke denker Francis Fukuyama skryf in sy onlangse boek Identity: The Demand for Dignity and the Politics of Resentment (2018): "Demand for recognition of one's identity is a master concept that unifies much of what is going on in world politics today."

Hy gebruik 'n aantal Griekse terme om oor hierdie aandrang op erkenning te praat. Die eerste is die woord thumos, wat in die Griekse filosofie gebruik word om aan te dui dat daar naas die dele van die siel wat met begeerte en redelikheid verbind word, ook 'n derde deel is wat met die behoefte na erkenning saamhang.

Daar is dus by die mens nie net die begeerte na byvoorbeeld lekker kos of duur artikels nie. Op 'n diep vlak word daar ook na 'n positiewe beoordeling van ons waarde en waardigheid gesmag.

Daarom dat mense en groepe te midde van pynlike ervarings van miskenning en verontregting daarvoor veg om met gelykheid, menslikheid en billikheid behandel te word, 'n versugting wat Fukuyama met die Griekse term isothymia benoem.

Ons wil nie hê dat ander mense ons moet onderdruk of verneder nie, hetsy op grond van ras, klas of geslag. Gevolglik word alles in die stryd gewerp vir die erkenning van ons menswaardigheid en regte. In teologiese terme vind hierdie stryd om die erkenning van ons medemenslikheid en gelykheid dikwels begronding in die gedagte dat ons almal na die beeld van God geskape is.

Maar ons politieke landskap word nie net gekenmerk deur die stryd om sodanige erkenning nie. Deel van die krisis ten opsigte van die behoefte na erkenning is dat ons dikwels nie net ander se gelyke wil wees nie, maar juis hulle meerdere. Juis meer erkenning wil hê as wat ons toekom.

Fukuyama gebruik in hierdie verband die term megalothymia as uitdrukking van die passie om ander te wil oorheers.

En vir Fukuyama lyk dit of liberale demokrasieë nie weet hoe om met hierdie verskynsel om te gaan nie, veral wanneer populistiese leiers met sterk retoriek hierdie behoefte na 'n identiteit van meerderwaardigheid in die menslike psige voed.

Die behoefte aan die erkenning van ons identiteit is inderdaad, soos Fukuyama suggereer, 'n belangrike dryfveer op persoonlike en politieke vlak.

Die vraag kan ook gevra word watter rol godsdiens hierin speel. Help dit ons om weerstand te bied teen die oorslag van isothymia na megalothymia, van die verlange en stryd om nie misken te word nie na die drang dat ander eintlik tog maar vir ons as hulle meerdere moet sien?

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoe-gemaak-met-ons-diepe-behoefte-na-erkenning-20190222

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877